

# Opname van Reptiele en Amfibieë

**O**NDER leiding van mnr. S. de Waal, herpetoloog van die Museum word tans 'n intensiewe opname gemaak van die slange, akkedisse, skilpaaie en paddas wat in die Vrystaat voorkom.

Hierdie opname word onderneem ten einde die groot gaping in die wetenskaplike kennis met betrekking tot die voorkoms en verspreiding van reptiele in die sentrale binneland te oorbrug. Soortgelyke opnames van voëls en soogdiere sal eersdaags 'n aanvang neem.

Gemiddeld twee ekspedisies van 'n week lank en tien daglange versameltoege word maandeliks in die Provinsie onderneem. Net in Januarie is sowat 4 800 km (3 000 myl) afgelê om versamelwerk te doen.

Boere word vooraf genader om toestemming te gee dat versamelwerk op hul plase onderneem kan word. Heel dikwels doen van die boere baie moeite om met hierdie interessante opname te help. So versamel mev. M. Kritzinger van Perth, Harrismith, byvoorbeeld op haar eie reptiele en stuur dit dan na die Museum. Onder haar vondse tel die eerste wetenskaplike rekord dat die gespikkelde huislang (*Boaedon guttatus*) binne die Vrystaat voorkom! Hoewel algemeen aanvaar is dat die boomslang (*Dispholidus typus*) nie in hierdie Provinsie voorkom nie is daar onlangs deur die hartlike medewerking van mnr. J. de Kock van Moirton, Hoopstad, twee van hierdie blitsige slange op sy plaas versamel.

Die Museum vind dit veral moeilik om eksemplare van grawende reptiele in die land te kry. Dit sal van geweldige groot waarde wees indien boere, wanneer daar geploeg word, van die aardslangetjies en pootlose akkedisse kan versamel en aan die Museum sal besorg.

Boere en ander persone wat enige reptiel (of ook ander diere) in die hande kry, word versoek om asseblief met die Museum te skakel sodat reëlings vir die haal of versending daarvan getref kan word.

Dit is egter van die grootste belang dat nie net die dier nie maar ook baie duidelike en akkurate besonderhede oor die plek waar, sowel as die omstandighede waaronder die dier gevind is, verstrekt moet word. Daarsonder is die dier van geen noemenswaardige belang nie.



'n Jong Koperkapel (*Naja nivea*) in 'n aggressiewe houding.



Die eerste voorbeeld van die gespikkelde huislang *Boaedon guttatus* wat in die Vrystaat versamel is.



Twee pasuitgebroeide voorbeelde van Burchell se sandakkedis (*Eremias burchelli*) wat te Ficksburg versamel is.

## Visiting hours and admission

As from February, 1st, the following visiting hours and admission apply.

### Visiting Hours

Weekdays and Saturdays — 9.30 a.m. — 5.00 p.m.  
Sundays and Holidays — 2.00 p.m. — 5.00 p.m.

Closed on Good Friday, the Day of the Covenant and Christmas Day.

### Admission

All persons from school-going age — 10 cents per person.  
Children under 12 when accompanied by an adult — free  
Organised groups — free

### Cafeteria Hours

9.30 a.m. — 4.30 p.m.

## Besoekure en toegangsgeld

Die onderstaande besoekure en toegangsgelde is van toepassing vanaf 1 Februarie vanjaar.

### Besoekure

Weekdae en Saterdag — 9.30 vm. — 5.00 nm.  
Sondae en Vakansiedae — 2.00 nm. — 5.00 nm.

Gesluit op Goeie Vrydag, Geloftedag en Kersdag.

### Toegangsgeld

Alle persone vanaf skoolgaande ouderdom — 10 sent per persoon  
Kinders onder 12 jaar vergesels van 'n volwasse — gratis.  
Georganiseerde groepe — gratis.

### Kafeteria-ure

9.30 vm. — 4.30 nm.

## Smidswinkel

Die firma Acho Metals (Edms.) Bpk. het onlangs 'n belangwekkende skenking van smidswinkel-toerusting aan die Museum gemaak. Die gereedskap en klein blaasbalkie wat ontvang is, sal saam met soortgelyke toerusting wat reeds in die versameling opgeneem is, gebruik word om aan die museumbesoeker te wys hoe 'n regte outydse smidswinkel gelyk het. Die versameling is egter nog onvolledig en items soos 'n outydse skroef, aambeeld ens. moet nog gevind word.

Skriftelike aansoeke om eksemplare van hierdie ses-maandelikse nuusbrief moet gerig word aan: Die Direkteur, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein.

Written requests for copies of this bi-annual newsletter should be addressed to: The Director, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein.